# Luister en Praat
# Totaal: 40

Naam: ___________________________ Graad 5: _______

## Opdrag: Luister na en bespreek ‘n radio-advertensie

Jou onderwysers gaan vir jou ‘n radio-advertensie speel. Luister met aandag na die advertensie en vertel in volsinne oor asof jy die advertensie aanbieder is. Maak gebruik van gesigsuitdrukkings en verskillende stemtone. Geniet dit!

| Luister en Praat Rubriek | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 - Benodig hulp | 2 - gedeeltelik | 3 - goed | 4 - uitstekend |
| Woordeskat en taalgebruik | Sukkel om effektief te kommunikeer a.g.v. beperkte woordeskat. Kan nie homself/haarself uitdruk nie. | Gebruik ‘n beperkte woordeskat. Maak baie grammatikale foute. | Gebruik gepaste woordeskat. Praat in volsinne en gebruik en praat in die korrekte tyd, bv. Verlede, toekomende of hede | Gebruik ‘n uitgebreide woordeskat. Praat in volsinne en gebruik korrekte en goeie taal. Gebruik beskrywende woorde. |
| Gebruik gepaste volume en intonasie | Praat te sag of mompel. Moeilik om te verstaan of te hoor. | Praat te vinnig. Soms moeilik om te verstaan. | Praat stadig en duidelik. Maklik om te verstaan. Kan die meeste van die tyd duidelik gehoor word. | Praat stadig en duidelik. Kan ten alle tye maklik gehoor en verstaan word. |
| Inhoud | Neem nie deel nie. | Beperkte inhoud. Leerkrag moet vrae stel om duidelikheid te kry | Spontaan. Gee genoegsame inhoud wat van die leerder verwag word. | Spontaan en uitgebrei. Inhoud verskaf meer inligting as wat verwag word. |
| Begripsvaardighede | Die meeste antwoorde is verkeerd | Die meeste van die antwoorde is korrek. | Al die antwoorde is korrek. | Al die antwoorde is korrek. Die leerder kon ook dit in volsinne beantwoord. |
| Vra vrae vir duidelikheid | Die leerder moet altyd vrae vra vir duidelikheid omdat hy selde aandag skenk wanneer opdragte gegee word. | Die leerder moet meeste van die tyd vrae vir duidelikheid vra omdat hy/sy omtrent altyd nie aandag skenk wanneer opdragte gegee word nie. | Die leerder hoef die meeste van die tyd nie vrae vir duidelikheid te vra nie, aangesien hy/sy die meeste van die tyd aandag skenk wanneer opdragte gegee word. | Die leerder hoef nooit vrae te vra vir duidelikheid nie, aangesien hy/sy altyd aandag gee wanneer opdragte gegee word. |
| | | | | Totaal:__ /20 |
| Verwerkte punt uit 40 (Punt uit 20 x 2) | | | | Totaal: __/40 |



# Kreatiewe skryfwerk
# Skryf ‘n storie
# Totaal: 20



Naam: ___________________________ Graad 5: _______

**Opdrag:**

Skryf ’n kort storie van 50–60 woorde waarin jy jou ouers probeer oorreed om vir jou die nuwe selfoon, wat nou net op die mark gekom het, te koop,wat jy so graag wil hê.

## Hou die volgende punte ingedagte wanneer jy jou storie skryf:

1. Ontwikkel geloofwaardige karakters en gebeure.
2. Beplan, ontwerp en verfyn stories deur skakelparagrawe, ‘n inleidingsin, uitgebreide woordeskat, toepaslike taal, verskillende woordsoorte, spelling en punktuasie te gebruik
3. Verander van een tyd na ‘n ander.
4. Verbind sinne tot samehangende paragrawe deur die korrekte punktuasie te gebruik.
5. Gebruik die stappe van die **skryfproses**. Die stappe van die skryfproses is:
    - Beplanning/Pre-skryf: Beplan wat jy wil skryf en doen navorsing.
    - Eerste weergawe: Skryf die eerste weergawe.
    - Redigering: Lees die eerste weergawe krities en kyk hoe jy dit kan verbeter.
    - Proeflees: Lees dit weer deeglik vir taal- en spelfoute, asook vir logiese struktuur.
    - Aanbieding: Herskryf die finale weergawe vir aanbieding en proeflees dit weer.

Skryf jou finale weergawe van jou storie op die volgende bladsy. Jy sal volgens ‘n rubriek gemerk word. Handig ook jou beplanning in.

| | Rubriek Storie | Punt | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |
| 1. | Inhoud: Die inhoud is interessant en persoonlik van aard. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 2. | Toon, register en styl: Dit is duidelik dat dit ‘n persoonlike weergawe van die leerder is. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 3. | Formaat: Gebruik die korrekte formaat. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 4. | Taal en spelling: Taal, spelling en leestekens is korrek. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| | **Totaal** | | | | | **/20** |

Dialoog
Totaal: 10

Naam: ___________________________ Graad 5: _______

Lees die dialoog hieronder tussen Jan en Lisa.

Jan: Lisa, het jy lekker vakansie gehou?

Lisa: Ja dankie. Dit was baie lekker, maar ek het baie seer gekry.

Jan: Ag nee Lisa! Wat het gebeur?

Lisa: ‘n Klomp bloublasies het my gebrand toe ek in die see geswem het. Kyk al die blase op my arms.

Jan: Sjoe! Dit lyk baie seer. ‘n Jellievis het my eenkeer gebrand op my been. Ek het nou nog littekens.

Lisa: Eina Jan. Dit is baie lekker by die see, maar die see is ook baie gevaarlik.

Jan: Ek stem saam jou Lisa. Ek hoop ons word nooit weer gebrand nie!

- **Gebruik nou die formaat van die dialoog hierbo en skryf jou eie dialoog waar jy jou maat vertel oor jou besoek aan die SEE.**
- **Onthou om op die onderwerp te fokus.**
- **Maak seker van die spelling van jou woorde.**
- **Maak seker jy gebruik die regte leestekens.**